

Suid-Afrikaners hóú van water. Veral vroue, en veral as dit gebottel is.

Dis die vinnigste groeiende sektor in die plaaslike drankbedryf, insluitend nie-alkoholiese, alkoholiese, suiwel en gepoeierde drankies (soos koffie en tee). Geen ander sektor in ons kosbedryf kan daarby kers vashou nie.

'n Dekade gelede het gebottelde water feitlik nie bestaan nie. Nou kan jy kies: mineraal of uit 'n fontein, stil of vonkelend, gegeur of ongegeur, ingevoer of plaaslik. En dis peperduur – sowat R7 per liter, teenoor slegs 1 sent per liter kraanwater!

Dit het “koel” geword om gebottelde water te drink. Party mense beweer dis lekkerder – en natuurlik “skoner” – as kraanwater. Buitendien hoor ons gedurig berigte dat SA dalk op die rand van 'n waterkrisis staan omdat ál meer drinkwater besmet word, ons infrastruktuur oud is en ons 'n tekort aan die regte soort ingenieurs en wetenskaplikes het.

Genoeg om enigiemand na die bottel te laat gryp!

Die vraag bly: Al is gebottelde water vir baie mense “koel” en “skoon”, hoe veilig is dit? Is dit nie maar 'n maklike manier om geld te maak nie?

Net 'n bietjie meer as 'n jaar gelede het die Nasionale Verbruikersforum (NVF) in 'n mediaverklaring beweer maatskappye bottel kraanwater en verkoop dit teen 'n wins – sonder om die nederige oorsprong op die etiket aan te dui.

Dit is gegrond op 'n oorsese storie: Coca-Cola het naamlik 'n “swak-

Gebottelde water, stil of vonkelend, het 'n groot en groeiende bedryf geword. Maar is dit regter beter – en gesonder – as kraanwater?

deur **LYDIA VAN DER MERWE**

H₂O BETER UIT 'N BOTTTEL?

Die plaaslike mark vir gegeurde water groei jaarliks met sowat **30%**

produk-toekenning” van 'n internasionale verbruikersgroep gekry omdat hulle Dasani bemerk het –

gebottelde water wat uit dieselfde opgaardamme as kraanwater kom.
En PepsiCo se Aquafina, wat as

mineraalwater geadverteer is, is in Amerika as kraanwater ontmasker. (Nie een van die twee is plaaslik beskikbaar nie.)

Maar die NVF het 'n belangrike ontwikkeling misgekyk – wetgewing het in Julie 2007 in werking getree wat SA se gebottelde water streng reguleer.

Foto: Rodger February Stilerling Danny Touia